

Drie normatiewe
grondbeginsels

Meertaligheid as 'n hulpbron

Verbreed toegang en
ondersteun sukses

Fasiliteer pedagogies
verantwoordbare leer en onderrig

LEER EN ONDERRIG

Voorgraadse leer en onderrig

A/E

7.1.3 Aparte lesings in Afrikaans en Engels

- Ander leergeleenthede (groepwerk/tutoriale) kombineer studente van verskillende taalgroepe
- Ondersteuning in Afrikaans en Engels waar dit redelikerwys doenlik* is

A+E

7.1.4 Sowel Afrikaans as Engels in dieselfde lesings

- Alle inligting in Engels, met opsommings in Afrikaans
- Vrae word beantwoord in die taal van die vraag indien dosent vaardig is daarin
- Eerstejaarmodules: simultane tolking op die perseel of aanlyn

A|E|X

7.1.5 Slegs een taal

In sommige gevalle (bv. aard van leesstof, taalvaardigheid van dosent, stemming deur studente) word lesings slegs in een taal aangebied

- Ander tale word so ver moontlik ondersteun met simultane tolking op die perseel of aanlyn
- Ander leergeleenthede (konsultasies en tutoriale) in Afrikaans en Engels, mits dosent vaardig is in albei

7.1.7 Leermateriaal

- Alle voorgeskrewe leesstof in Engels
- Voorgeskrewe leesstof (buiten gepubliseerde materiaal) in Afrikaans waar dit redelikerwys doenlik* is
- Moduleraamwerke en studiegidse in Afrikaans en Engels
- Waar dit redelikerwys doenlik* is en 'n pedagogiese behoefte bestaan, word isiXhosa en ander tale gebruik om konsepte verder vas te lê

7.1.9 & 7.1.10 Assesserings en vraestelle

- Voorgraads: sowel Afrikaans as Engels
- Nagraads: ten minste Engels

7.1.8 Nagraadse leer en onderrig

Engels of enige ander taal/tale kan gebruik word, mits die dosent(e) en alle studente akademiese vaardig is in die ander taal/tale

7.5 Bevordering van meertaligheid

- Aanvaar medeverantwoordelikheid vir bevordering van meertaligheid
- Spoor innoverende meertalighedspraktyke aan
- Bevorder akademiese waarde van Afrikaans
- Bevorder isiXhosa as inheemse formele akademiese taal
- Versterk taaldepartemente en entiteite deur samewerking
- Bevorder studie van internasionale tale

Buigsame gebruik van veelvuldige tale in die gees van transtaligheid

Meertalige ingesteldheid

Institutionele meertaligheid

Individuele meertaligheid

English

isiXhosa

Afrikaans

KOMMUNIKASIE

7.2 Interne kommunikasie

Voertale by vergaderings moet op insluiting gerig wees.

Alle amptelike interne kommunikasie in Afrikaans, Engels en isiXhosa – kommunikasie van Kanselier, Raad, Senaat, Rektor, Viserektore, Bedryfshoof of Registrateur aan hele Universiteit.

7.3 Eksterne kommunikasie

Afrikaans en Engels en, waar dit redelikerwys doenlik* is, isiXhosa

Indien US nie oor die vermoë beskik nie, is Engels die kommunikasiemiddel

7.2.5 Studentegemeenskappe

Tale wat gebruik word, moet almal insluit en in staat stel om deel te neem

7.6 Steun deur die Taalsentrum

Lees- en skryfontwikkeling
Navorsing oor taal en taalgebruik
Vertaal-, tolk- en redigeerdienste

Modules in professionele kommunikasie, akademiese geletterdhede, en Afrikaans, Engels, isiXhosa en SA Gebaretaal

7.4 & 8 Taalbeplanning en -verslagdoening

Elke fakulteit en verantwoordelikheidssentrum moet 'n jaarlike taalimplementeringsplan indien en, sodra die Senaat die plan goedgekeur het, dit op hulle webtuiste plaas.

Veranderings buite die gereelde hersieningsproses word in die fakulteit bespreek en by die volgende fakulteitsraad- en Senaatsvergaderings voorgelê. Studente word so gou as wat prakties moontlik is van die veranderings en redes vir die veranderings ingelig.

Fakulteite en studentegemeenskappe doen elke semester verslag aan Viserektor: Leer en Onderrig oor voldoening aan taalimplementeringsplan.

8.5 & 8.6 Hoe om 'n klagte in te dien

Klagtes kan ingedien word via fakulteit se klagteprocedure, by betrokke personeellid, departementele voorsteller, of na dekaan verwys word.

Steundienspersoneel kan klagtes by lynbestuurders indien.

Klagtes in studentegemeenskappe kan by huiskomitee of inwonende hoof ingedien word. Klagtes wat nie op dié vlak opgelos word nie, kan aan Direkteur: Sentrum vir Studentegemeenskappe gerig word of na Senior Direkteur: Studentesake verwys word.

Indien bogenoemde strukture nie gepas is nie, kan klagtes by die US se Ombud ingedien word, wat dit in oorleg met die betrokke strukture sal besleg.

* Om te bepaal wat redelikerwys doenlik is, word elke geval op meriete en aan die hand van kontekstuele faktore oorweeg, naamlik die getal studente wat by 'n bepaalde metode sal baat vind, die taalvaardigheid van personeel en studente, en hulpbron-, rooster- en lokaalbeperkings.

LW: Hierdie inligtingsgrafiek verduidelik die hooftrekke van die beleid in eenvoudige taal. Die beleid self bly egter die enigste formele bron om te raadpleeg vir besonderhede van beleidsbeginsels en -bepalings.